PERSVERKLARING NAMENS INANI START WELL STIGTING: 1 OKTOBER 2020

VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING

SA moet hoofoorsake van chroniese wanvoeding aanspreek, maan Stellenbosse sakeman

KAAPSTAD. – 'n Voormalige onderwyser en Stellenbosse sakeman het as inspirerende en visioenêre denker na vore getree om Suid-Afrika se tweede pandemie – chroniese wanvoeding wat jaarliks 27 % van die land se kinders jonger as vyf jaar benadeel – indringend aan te spreek.

Chroniese wanvoeding of stunting word geassosieer met stadige kognitiewe ontwikkeling, benadeelde fisieke groei, laer produktiwiteit en groter risiko's van swak gesondheid waaronder die ontwikkeling van kardio-metaboliese siekte wat oorgedra kan word aan die volgende geslag.

Chroniese wanvoeding wat trae groei onder baba's en jong kinders veroorsaak, was die afgelope veertig jaar 'n hardnekkige deel van die Suid-Afrikaanse samelewing. Hierdie liederlike statistieke beteken dat meer as 'n kwart van Suid-Afrika se jonger bevolking beskou kan word as mense wat fisiek en kognitief aangetas is. (Bron: https://bmcpublichealth.biomedcentral.com/articles/10.1186/s12889-015-1844-9)

Lancet ('n weeklikse mediese joernaal) het verlede jaar geskat dat chroniese wanvoeding 'n land in die middel-inkomste groep soos Suid-Afrika tot 12% van sy bruto binnelandse produk kan kos. Met 'n bruto binnelandse produk van R3 biljoen, beteken dit 'n verstommende jaarlikse verlies van R360 miljard.

Org van der Wath, uitvoerende direkteur van die INANI Start Well Stigting, het 'n suksesvolle loopbaan in die bedryfswêreld in 2017 vaarwel toegeroep en het hom daarna heeltyds daaraan gewy om voedsame kos aan kinders in kwesbare gemeenskappe te voorsien.

"My loopbaan as onderwyser het in 1992 begin, maar my enterpreneursgees het my gou na die private sektor gelei van waar ek ook die bedryfswêreld betree het," het Van der Wath gesê.

"Nadat ek in 2016 'n MBA-tesis aan die Stellenbosse Universiteit voltooi het oor grond-hervorming, het ek ~~terdeë~~ bewus begin raak van die hoë vlakke van kritiese tekortkomings in die voedingswaarde van geborgde maaltye wat aan arm en minderbevoorregte gemeenskappe in die land voorsien word," het Van der Wath verduidelik.

"As ons chroniese wanvoeding of stunting wil aanspreek, moet ons begryp wat die hoofoorsake is van die pandemie. Aan watter groei-nutriënte ontbreek dit kinders in die eerste vyf jaar van hul lewens?" het Van der Wath gevra.

Omdat die antwoord hierop tegnies van aard is, is 'n eenvoudige analogie bruikbaar:

‘n Huis is ‘n kombinasie van fondamente, vloere, mure, ruite en ‘n dak. Dit word die struktuur-elemente van die huis genoem.

Binne die huis kan daar beddens, ‘n yskas, ‘n TV, ‘n spieël en baie ander dinge wees.

Binne die kos kan daar kalsium, yster, Vitamine D en ander mikro-nutriënte wees.

Soos ‘n bad nie baie bruikbaar is sonder ‘n huis nie, kan mikro-nutriënte nie geëet word as voedsel nie. Hulle vorm belangrike mikroskopiese deeltjies van die kos wat ‘n mens eet.

Groot voedselvervaardigers se bemarkingsdepartemente skep baie oortuigende boodskappe waarmee hulle mikro-nutriënte voorhou as die vernaamste elemente in kinders se groei en ontwikkeling. Dis egter ‘n misvatting.

Hulle verkondig hierdie boodskap omdat mikro-nutriënte goedkoop, en selfs belangriker, meer winsgewend bygevoeg kan word tot resepte. Dikwels is die deeltjie van die verpakking waarop die aansprake van die voedingswaarde van die mikro-nutriënte vermeld word, duurder as die bygevoegde mikro-nutriënte self.

Dit is baie belangrik om te verstaan dat indien kos uit goeie makro-nutriënte bestaan, daar nie regtig mikro-nutriënte bygevoeg hoef te word nie.

“Hoe kan ‘n mens die verbetering van die voedingswaarde van geborgde maaltye waarborg?
“Ons doen dit deur te verseker dat bio-beskikbare groei-nutriënte soos vette, proteïne en koolhidrate teenwoordig moet wees in maaltye gedurende die kind se kritieke groeifase,” het Van der Wath beklemtoon.

“As ‘n arm huishouding dit nie kan voorsien nie, word die voedingskemas by skole dikwels die veiligheidsnette vir gesinne se kinders.

“Maar ingevolge die huidige sakemodel word groot voedsel-verskaffers met tenders beloon as hulle die goedkoopste maaltye aan voedingskema-projekte kan voorsien. Die uitvloeisel hiervan is kos met bitter min goeie makro-nutriënte.

“As ‘n samelewing kan ons egter nie suiker-ryke ontbytmaaltye wat arm is aan voedingswaarde aan groeiende kinders in kwesbare gemeenskappe bly voorsien nie. Deur Inani se nie-winsgewende sakestruktuur om ontbytmaaltye te voorsien, verbeter ons die gehalte van hierdie kos aansienlik. Dis interessant hoe ‘n ander fokus heeltemal nuwe resultate kan lewer.

“Ons vestig nie-winsgewende aanlegte met die oogmerk om ontbytmaaltye wat ryk is aan voedingswaarde op ‘n volgehoue basis te verskaf teen lae koste aan voedingskema-projekte wat kinders in kwesbare gemeenskappe bedien.

“Die eerste van hierdie nie-winsgewende aanlegte – die eerste van sy soort in die land – sal teen vroeg aanstaande jaar in volle produksie wees. ‘n Aanleg kan in die behoefte van 200 000 kinders voorsien. Ons visie is om minstens tien sulke aanlegte te vestig.

Dit sal sekerlik help om die chroniese wanvoeding (stunting) aan te spreek wat 1.7 miljoen kinders onder die ouderdom van vyf jaar ~~elke jaar~~ raak.

“Die gevolge indien ons nie nou beslissend optree nie, is te afgryslik vir woorde,” het Van der Wath gemaan.

“Volgens die Wêreldbank, meet die Indeks vir Menslike Kapitaal die produktiwiteit van ‘n toekomstige werker en die huidige Indeks van Suid-Afrika skets ‘n donker prentjie. Met ‘n Indeks van onder 0.42 is Suid-Afrika 134ste op die ranglys uit 175 lande. (Kenia is 92ste met ‘n Indeks van 0.56).

“Wat dit in werklikheid beteken, is dat ‘n kind ~~0.~~41% so produktief sal wees as wat hy kan wees onder volkome gesondheid en opvoeding. Suid-Afrika se statistieke is ‘n paradoks, want die land word deur die Wêreldbank geklassifiseer as ‘n middle-inkomste~~groepe~~ land wat beteken hy is taamlik welvarend vergeleke met ander lande op die kontinent,” volgens Van der Wath.

“As ons die stille honger epidemie van wil stopsit in die land, sal die regering, skenkers, maatskappye wat maatskaplike beleggings bewillig en voedingskema-operateurs moet eis dat groeiende kinders groei-nutriënte ontvang gedurende die eerste vyf jaar van hul lewens. Daar is geen kortpaadjies nie. Dis basiese biologie,” het Van der Wath beklemtoon.

Persverklaring saamgestel deur Fanie Heyns namens Inani Start Well Stigting. Vir nader inligting, kontak Org van der Wath op 079-5140067 of Leonie Venter op 076-8356430.